# Mahatma Gandhi (1869 – 1948)

Voltooi die tydlyn oor Mahatma Gandhi se lewe (P.124 – 127)

**1869** Gandhi is gebore op _2 Oktober 1869__ in Indië.





Hy het gehou daarvan om boeke te lees.



**1882** Hy is _getroud_ toe hy 13 jaar oud was.

**1888** Hy gaan studeer _regte____ in Londen.







**1891** Hy keer terug na Indië om as prokureur te praktiseer.




**1893** Werk vir 'n Indiese maatskappy in _Suid-Afrika_.

In daardie tyd word 'n groot deel van Suid-Afrika deur Brittanje regeer. Gandhi voel dat sy regte in Suid-Afrika nie gerespekteer word nie. Gandhi word van 'n trein afgegooi omdat hy in 'n verkeerde afdeling sit.






Vir __21___ jaar lei hy protesveldtogte sodat Indiërs regverdig behandel kan word. Hy moedig mense aan om nie wette te gehoorsaam wat onbillik is nie. Mense moet alles vreedsaam doen, want anders is hulle net so verkeerd soos die regering.





## Satyagraha

Die krag wat van waarheid en liefde of geweldloosheid kom.

(Standvastig in die waarheid)

Satyagraha is geweldlose optogte teen die regering.



Optogte, sitstakings en vreedsame betogings word gehou.

Gandhi word gereeld gearresteer en tronk toe gestuur.



Gandhi het gevas en geweier om te eet om druk uit te oefen op die regering.


**1915** Keer terug na _Indië_ as 'n nasionale held.

Hy kry die titel **Mahatma** wat "__Groot Siel____" beteken.

Gandhi help swakkes en onderdruktes en werk teen __Britse oorheersing__________________________.

Gandhi probeer mense oortuig om saam te staan en vreedsaam te betoog om die Britse regering te dwing om na hulle te luister.

Gandhi glo dat alle mense kan verander en goeie mense kan word.



**1930** Soutoptog teen Britse soutbelasting



Indië mag nie hul eie sout maak nie. Britte maak baie geld.

Britse owerhede neem Gandhi in hegtenis – hy staan op vir die waarheid.

Gandhi vas en gaan nie weer eet voor die geweld nie ophou nie.

Mense maak vrede omdat hulle bang is Gandhi gaan sterf

**1948** Gandhi word doodgeskiet op _30 Januarie 1948


TAUNTON DAILY GAZETTE

GANDHI SHOT TO DEATH

Four Missing Ten Injured In Hotel Fire